INFORMELE ASSESSERING

COVID-19

Memorandum

* Maklik	** Gemiddeld	*** Uitdaging

A. Jou juffrou gaan die storie saam met jou lees. Luister mooi en lees saam met jou juffrou en beantwoord die vrae.

Mamma word siek

Deur Anzelle Muller

Ek het gehoor van die nare virus. Hulle noem hom Mnr. COVID-19. Almal is bang vir hom. Maar nie ons nie, nee... Ons was ons handjies en dra ons maskers.

Toe raak Mamma siek. Sy was koorsig en het gehoes. Pappa het haar dokter toe gevat. Ons was bekommerd. Maar Pappa het verduidelik dit was net Mev. Griep en darem nie Mnr. COVID-19 nie. Dankie tog die handewas en maskers het gehelp.

1. Wat noem almal die nare virus? *

   Mnr. COVID-19.

2. Hoekom is Amy se gesin nie bang vir Mnr. COVID-19 nie? **

   Omdat hulle hande was en hul maskers dra.

3. Waarheen het Pappa vir Mamma gevat? *

Dokter toe.

4. Hoe weet ons Mamma is siek? *

Sy het koors gehad en het gehoes.

5. Hoekom was Amy se gesin bekommerd? **

Want hoes en koors is van die simptome van Mnr. COVID-19.

6. Het jy al gehoor van Mev. Griep? *

Eie mening.

7. Het jy al van Mnr. COVID-19 gehoor? Is jy bang vir hom? ***

Eie mening.

Moontlike antwoord. Ja ek het al gehoor van hom. Nee ek is nie bang nie.

B. Kyk na die prent van Amy.
Gebruik die prent en die volgende sleutelwoorde. Skryf 2 sinne oor hoe jy teen COVID-19 kan veg.

- Masker
- Ontsmet
- Afstand
- Hande was.

Leestekens	Die leerder het goeie gebruik gemaak van leestekens.	Daar was hier en daar leestekens.	Die leerder het min tot geen leestekens gebruik nie.
Sinskonstruksie	Die leerder het sinvolle sinne geskryf met goeie sinskonstruksie.	Die leerder het hier en daar sinvolle sinne geskryf met redelike sinskonstruksie.	Die leerder het nie sinvolle sinne geskryf nie.
Spelling	Die leerder het min tot geen spelfoute gemaak nie.	Die leerder het baie spelfoute gemaak maar skryfstuk is leesbaar.	Die leerder het baie spelfoute gemaak en skryfstuk is omtrent onleesbaar